Waterkruik

JAARGANG 56 NO 19 12 Mei AD 2019

EREDIENS VANOGGEND

Vanoggend lei **ds Johannes Aucamp** van Rietvallei gemeente die oggenderediens . Sy **preektema** sal gerig wees op die **uitdra van die Evangelie,** ons roeping.

EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondag se oggenderediens is 'n v**oorbereidings-diens** met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal, volgende Sondag 26 Mei 2019. Nabetragting sal tydens dieselfde diens gedoen word en daar sal dus geen erediens Sondagaand 26 Mei wees nie.

Die hele gemeente word ook genooi om na die erediens saam te te drink. Sien meer besonderhede elders

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag: Emeritaatsversorging:

Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en -wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

Volgende Sondag:

GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 21 & 22
Ouderlinge: Pieter Smit
Theo le Roux
Diaken: Ian de Villiers

Volgende Sondag: Wyke 23 & 24
Ouderlinge: Herman Hamersma
Neels Kloppers
Diaken: Jacques Tredoux

Program vir die week

Maandag

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

Woensdag

19:00 Breë Kerkraadvergadering

Donderdag

Bybelstudiegroepe

08:30 Groep 1: In die Konsistorie
09:30 Groep by Nasarethhuis
10:15 Groep 2: In die Konsistorie
18:30 Groep 3 by die Pastorie
19:30 Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek.

TEESKINKBEURTE

Dankie aan die susters van wyk 25 & 26 wat vanoggend o.l.v. *Johanna du Plooy en Sophia Theunissen* ons gaan bederf met lekker tee en koffie.

Volgende Sondag is dit die beurt van wyke 1 & 2 o.l.v. Rhodi Erasmus en Sustersbestuur

BREË KERKRAADSVERGADERING

Die Breë Kerkraad vergader eerskomende Woensdag 15 Mei om 19:00 in die saal.

Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op die vergadering.

DIAKENSVERGADERING

Die diakens vergader Woensdag 22 Mei 2019 om 18:00 in die kerk.

OUDERLINGEVERGADERING

Die ouderlinge vergader Woensdag 22 Mei om 19:00 in die saal

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word." Judas vs. 2

Maandag 13 Mei

Sr. Emmaré Stronkhorst 083 655 7014

Dinsdag 14 Mei

Sr. Laurika Naudé 082 852 5013

Michael van Tonder (2) 084 461 3159

Saterdag 18 Mei

Vernalee Nel (9) 082 389 5344

MEELEWING

Met skok en hartseer het ons verlede Sondag verneem dat *br. Gerrit Broos* Vrydag 3 Mei aan 'n hartaanval oorlede is. Ons bid Kittie en haar kinders die vertroosting van die Heilige Gees toe in die dae wat voorlê. Mag jy elke dag God se liefdevollge genade ervaar. 012 460 5804

Die dokters het besluit om nie *sr. Kotie Prinsloo* se been te amputeer nie maar eers konserwatief te behandel. Sy sterk aan by haar kinders. Ons bid dat die Here u elke dag naby sal wees en die behandeling sal seën. 066 115 1949

Sr. Redena Kruger het Vrydag 'n operasie ondergaan. Ons bid jou spoedige en volkome beterskap toe. 084 507 6833

Sr. Emmie van der Schyff moet hierdie week verdere toetse vir kanker ondergaan. Ons bid dat die Here jou krag en genade sal gee. 083 443 6200

Sr. Ethel Coetzee sterk tuis aan na 'n operasie aan haar arm. Ons bid dat die arm volkome mag herstel.
082 822 0889

Sr. Alida Steenekamp sterk tans aan in 'n "hospice" maar is steeds baie swak. Ons bid haar en haar familie krag en sterkte toe. 083 303 9693

Psalm 27:11 "Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie."

Br. Jandré Moolman is met attes van Belville-Oos by ons opgeneem en sy verloofde Elbé is in ons gemeente opgeneem van die APK gemeente Hartlik welkom in ons midde. Ons vertrou dat julle gou deel van ons gemeente sal voel.

ATTESTATE

Sr. Janca Nortje en br. Danny Stofberg het gemeenskap met die Gereformeerde Kerk opgesê om by die NG kerk aan te sluit.

BEROEPENUUS

GEEN

BYBELSE DISSIPELSKAP

Broers en Susters,,

Ons is dankbaar dat ds. Johannes Aucamp vandag by ons optree en in sy prediking baie klem sal lê op die uitdra van die evangelie.
Die Evangelisasiekommissie wil graag in die nabye toekoms 'n werkswinkel, onder leiding van ds. Aucamp, oor praktiese dissipelskap, aanbied. Ds. Aucamp is 'n deskundige met baie ondervinding in dié veld.
Dié werkswinkel gaan uit van die standpunt: "Elke Christen is 'n dissipel en elke dissipel is 'n dissipelmaker".
Daar sal bespreking wees oor die vermiste skakel tussen 'n Christen en 'n dissipel en aandag sal ook gegee word aan dissipelskap in die Nuwe Testamentiese tyd, maar sal ook terug verwys na die Ou Testament.
In die werkswinkel sal ook aan praktiese benaderings aandag gegee word.
In dié verband sal, onder andere, gesprek gevoer word oor wie ons kan dissipel, asook die rol van gebede en die gebruik van liefdesdiens aan individue en groepe om dissipels te maak.

Om die Evangelisasiekommissie te help met beplanning, sal ons graag terugvoering van lidmate wil kry oor die moontlike bywoning van so 'n werkswinkel.

VOLTOOI ASB. DIE ONDERSTAANDE EN PLAAS IN DIE KOLLEKTESAKKIES OF SKAKEL MET EEN VAN DIE VOLGENDE PERSONE:
- Br. Pieter Zwemstra 084 587 4566
- Sr. Kittie Broos 083 703 5727
- Br. Jac van der Walt 083 609 1095

1. Stel u belang in so 'n werkswinkel? Ja/Nee

2. Indien wel: Naam: Tel.:
Getal persone:

3. U voorkeure vir die tye wat u die werkswinkel kan bywoon:

- weeksdae sê 09h00 tot 12h00. Ja/Nee

- weeksdae sê 16h00 tot 19h00. Ja/Nee

- Saterdae sê 09h00 tot 12h00. Ja/Nee

- Sondae sê 15h00 tot 18h00. Ja/Nee

Enige ander voorstelle?

TERUGVOERING VOOR OF OP 20 MEI 2019 SAL BAIE WAARDEER WORD.

Seënwense,
Evangelisasiekommissie.

HOE MOET JOU SONDAG LYK ?

1. Rus sonder om niks te doen nie

Die "rus" van die vierde gebod beteken nie ledigheid nie. Fokus om te rus van die wêreld, jou sonde en aardse dinge. Dink daaraan om 'n dag van rus van tegnologie sommer elke Sondag te maak.

2. Word toegerus vir die week wat kom

Sit dié dag apart vir die Heilige Gees om in jou te werk deur sy Woord, gebede en die samekoms met die heiliges. Hierdie is die ideale dag wat gegee word vir jou om met jou gesin te gesels oor die Here en sy werk.

3. Dit is jou erediensdag

Dis die dag van samekoms en aanbidding. Hebreërs 10:25 praat van Sondag: "*en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom*."

4. Bring die dag as 'n offer

Sondag is 'n dag wat radikaal anders moet lyk as die ander dae, want dit is 'n dag wat ek aan die Here toewy. Dit is nie 'n dag van moets en moenies nie. Ja, dit is 'n dag van fisiese rus, maar dit is ook 'n dag van toegewyde diens aan die Here.

Sondag is God se verbondsteken, wat die gelowiges as 'n feesdag onderhou, deur saam in die verlossingswerk van Christus te rus.

(Uit:Kruispad)

ALLERLEI

AFRI-DUETFEES

Ds Cassie Aucamp skryf :
Hierdie jaar gaan 'n besondere Afri-Duetfees wees. Ons het daarin geslaag om al vier die manne van ROMANZ saam te kry, elkeen met 'n hand-uitgesoekte duetmaat:

- Louis Loock saam met Corlea Botha;
- Burgerd Botha saam met Loriska Bubb;
- André Venter met Almarie du Preez, en
- Adam Barnard met Natasha Joubert.

Dit word aangebied op Vrydag 18 Oktober om 19:00 en Saterdag 19 Oktober om 14:00, in die Chose Life Ouditorium, voorheen die gebou van die NG Kerk Moreletapark, in Rubensteinstraat.

Ek het twee versoeke:
Dat u, as u hierdie uitsoekgeleentheid wil bywoon, 'n e-pos stuur na duetfees@gmail.com; of skakel, SMS of WhatsApp Ds. Cassie by 082-377 1112. Dat u hierdie e-pos met die skakel sal aanstuur na lidmate of vriende op u e-poslys.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net

webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER:
Hein Wichmann 072 605 8675

WEEKKOSTER:
Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

PREEKVERDUIDELIKINGS
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.